## Brokkies Nuus—Brenties

## 3de Kwartaal 2016

**Baie dankie aan ELKE ouer wat toestemming gegee het dat die H.E.Y! span u kind mag bedien met die Woord van God! Dit is vir ons 'n groot voorreg!**

Elke Maandagoggend is dit
*Dapper Stappers* (3-4jr)!
Uit ons GROOT Bybel hoor ons stories wat "lewendig" word!
Elia wat die volk herinner dat daar net 1 God is en kleine ou Dawid wat vir grote Goliat verslaan—met God se hulp.
Ons het gesing, gespeel, gebak- en brou en lekker saam geleer!





Die Gr PreR *Verkleurmannetjie* geniet elke HEY les saam met tannie Yolandè! Deur speel en aktiwiteite het ons geleer dat God vir ons ogies gegee het om te "kyk hoe Hyk kyk". Die bak- en brou broodtjie was al te lekker waar ons onthou dat God elke dag vir ons sorg.









GROEI GOGGAS

Die Bybel kan soms oorweldigend wees vir 5 jariges.
Speel speel het ons deur die "wêreld van die Bybel" gestap en geleer watter klere hulle gedra het, hoe hulle huise gelyk het, watter speletjies die kinders gespeel het en hul daaglikse gebruike.
Deur 'n piekniek op die mat het ons saam gesmul aan die kosse wat hulle geeet het. Hopelik is die Bybels mense nou 'n werklikheid vir ons klein entoesiastiese maatjies.

**Die "Uiltjie klas"** het 'n klomp van Jesus se gelykenisse ontdek in die Bybel. Jesus het vir ons stories vertel sodat ons beter kan verstaan hoe ons moet leef en wat ons moet doen om die Koningkryk te beerwe. Die werker met die groot skuld leer dat ons 70 x 7 moet vergewe. Die lelies en die voëls leer dat ons nie bekommerd moet wees oor more nie, God sal sorg. Die wyse en dwase bouer leer dat ons ons "huis" op die Rots moet bou, want dan sal ons vas staan as die storms van die lewe ons wil omslaan.






**Dankie vir jou gebede en ondersteuning !**

**Juanita Lee**
**072 637 4882**